


# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA



UITGAWE OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

10c      Woensdag 20 September 1978      WINDHOEK      Wednesday 20 September 1978      No. 3826

**INHOUD:**

*Bladsy*

**PROKLAMASIE:**

No. AG. 63 Grondwetgewende Vergadering- en Ver-  
kiesingsproklamasie, 1978 ..... 1

**CONTENTS:**

*Page*

**PROCLAMATION:**

No. AG. 63 Constituent Assembly and Election Proc-  
lamation, 1978 ..... 1

## PROKLAMASIE

van die

**ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE  
GEBIED SUIDWES-AFRIKA**

*(Deur die Waarnemende Staatspresident goedgekeur op  
20 September 1978)*

No. AG. 63 ..... 1978

**VOORSIENING VIR DIE INSTELLING EN  
BEVOEGDHEDE VAN, EN 'N VERKIESING VIR,  
'N GRONDWETGEWENDE VERGADERING, EN  
VIR BYKOMSTIGE AANGELEENTHEDE**

Kragtens die bevoegdheid my verleë n by Proklamasie  
181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in  
die Bylae vervat.

M. T. STEYN

Administrateur-generaal

Windhoek, 20 September 1978

## PROCLAMATION

by the

**ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE  
TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA**

*(Approved by the Acting State President on 20 September  
1978)*

No. AG. 63 ..... 1978

**PROVISION FOR THE ESTABLISHMENT AND  
POWERS OF, AND AN ELECTION FOR, A CON-  
STITUENT ASSEMBLY, AND FOR INCIDENTAL  
MATTERS**

Under the powers vested in me by Proclamation 181  
of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the  
Schedule.

M. T. STEYN

Administrator-General

Windhoek, 20 September 1978

## BYLAE

## SCHEDULE

## INDELING VAN ARTIKELS

## ARRANGEMENT OF SECTIONS

## 1. Woordomsrywings.

## 1. Definitions.

## DIE GRONDWETGEWENDE VERGADERING

## THE CONSTITUENT ASSEMBLY

2. Instelling en bevoegdhe van die Vergadering.
3. Samestelling van die Vergadering.
4. Kwalifikasies van lede van die Vergadering.
5. Aantal verteenwoordigers wat deur 'n geregistreerde party genomineer kan word.
6. Nominasie van verteenwoordigers by aankondiging van uitslag van die stemming.
7. Publikasie van name van eerste lede van die Vergadering.
8. Ontruiming van setel deur lid van die Vergadering.
9. Vul van vakatures in die Vergadering.
10. Aan lede van die Vergadering kan toelaes betaal word.
11. Setel van die Vergadering.
12. Eerste byeenkoms van die Vergadering.
13. Verkiesing van President.
14. Reëls en orders van die Vergadering.
15. Vryheid van spraak.
16. Verrigtinge vir publiek toeganklik.
17. Sekretaris en ander beampes van die Vergadering.
18. Finansies.
19. Misdrywe met betrekking tot die Vergadering.

2. Establishment and powers of the Assembly.
3. Composition of the Assembly.
4. Qualifications of members of the Assembly.
5. Number of representatives that may be nominated by a registered party.
6. Nomination of representatives upon announcement of result of the poll.
7. Publication of names of first members of the Assembly.
8. Vacating of seat by member of the Assembly.
9. Filling of vacancies in the Assembly.
10. Members of the Assembly may be paid allowances.
11. Seat of the Assembly.
12. First meeting of the Assembly.
13. Election of President.
14. Rules and orders of the Assembly.
15. Freedom of speech.
16. Proceedings open to public.
17. Secretary and other officers of the Assembly.
18. Finance.
19. Offences relating to the Assembly.

GRONDWET DEUR DIE VERGADERING  
AANGENEEM

## CONSTITUTION ADOPTED BY THE ASSEMBLY

20. Publikasie en inwerkingtreding van grondwet deur die Vergadering aangeneem.
21. Ondertekening en registrasie van grondwet deur die Vergadering aangeneem.

20. Publication and coming into operation of constitution adopted by the Assembly.
21. Signature and enrolment of constitution adopted by the Assembly.

ADMINISTRATIEWE BEPALINGS IN VERBAND  
MET DIE VERKIESINGADMINISTRATIVE PROVISIONS IN CONNECTION  
WITH THE ELECTION

22. Hoofverkiesingsbeampte.
23. Kontroleurs.
24. Verkiesingsbeampes.
25. Voorsittende beampes, stemopnemers en tel-beampes.
26. Voorwaardes van aanstelling.
27. Agente van geregistreerde partye.
28. Verklaring van geheimhouding.

22. Chief electoral officer.
23. Controllers.
24. Electoral officers.
25. Presiding officers, polling officers and counting officers.
26. Conditions of appointment.
27. Agents of registered parties.
28. Declaration of secrecy.

VERKIESINGSPROKLAMASIE EN REGISTRASIE  
VAN POLITIEKE ORGANISASIESELECTION PROCLAMATION AND REGISTRA-  
TION OF POLITICAL ORGANIZATIONS

29. Uitvaardiging van verkiesingsproklamasie.
30. Registrasie van politieke organisasies.
31. Registrasiehof.
32. Publikasie van name en besonderhede van geregi-  
streerde partye.

29. Issue of election proclamation.
30. Registration of political organizations.
31. Registration court.
32. Publication of names and particulars of registered parties.

VOORAFGAANDE REËLINGS VIR DIE  
STEMMINGPRELIMINARY ARRANGEMENTS FOR THE  
TAKING OF THE POLL

33. Stemburo's.
34. Verskaffing van uitrusting.
35. Die stemkompartement.
36. Die stembus.
37. Aanvang en sluit van stemming by stemburo's.
38. Bevoegdheid van voorsittende beampes by stem-  
buro's.

33. Polling stations.
34. Provision of equipment.
35. The voting compartment.
36. The ballot box.
37. Commencement and closing of the poll at polling stations.
38. Powers of presiding officers at polling stations.

## STEMMING BY STEMBURO'S

39. Stemreg.
40. Kieser kan by enige stemburo stem.
41. Stemming vind per geheime stembrief plaas.
42. Wyse waarop gestem word.
43. Kieser wat nie kan lees nie of onbekwaam is.
44. Aangebode stembriewe.
45. Bedorwe stembriewe.
46. Verseëling van stembus en ander verkiesingsmateriaal.

## BEPALING VAN UITSLAG VAN DIE STEMMING EN VERKLARING VAN UITSLAG VAN DIE VERKIESING

47. Kennisgewing van plek en tyd vir bepaling van uitslag van die stemming.
48. Verifikasie van stembriefverslag.
49. Ondersoek van registrasiekaarte.
50. Omstandighede waaronder 'n aangebode stembrief verwerp moet word.
51. Tel van stemme.
52. Stembriewe wat verwerp moet word.
53. Beswaar teen, en afdoendheid van, besluite met betrekking tot stembriewe.
54. Endossering van stembriewe wat verwerp is.
55. Aankondiging van uitslag van die stemming.
56. Verklaring van uitslag van die verkiesing.
57. Verseëling en bewaring van verkiesingsmateriaal.

## MISDRYWE EN STRAWWE

58. Skending van geheimhouding.
59. Plijsversuim.
60. Belemmering van verrigtinge en beamptes.
61. Onbehoorlike beïnvloeding en omkoperij.
62. Misdrywe met betrekking tot stemprosedure en stemburo's en -uitrusting.

## ALGEMEEN

63. In geregtelike verrigtinge word nie van kieser vereis, om sy stem bekend te maak nie.
64. Bewys van verkiesing.
65. Skriftelike voorleggings deur politieke organisasies en geregistreerde partye.
66. Sondae en openbare feesdae.
67. Voorskrifte en vorms.
68. Kort titel.

## AANHANGSEL

Vorm van Stembrief.

*Woordomsrywings*

1. Tensy uit die samhang anders blyk, beteken in hierdie Proklamasie—

(i) "distrik", ook 'n deel van 'n distrik en, met betrekking tot 'n verkiesingsbeampte wat vir 'n bepaalde distrik aangestel is, en enigiets wat in of ten opsigte van daardie distrik gedoen moet word, ook 'n deel van 'n ander distrik wat by daardie distrik ingesluit is vir die doeleindes van die aanstelling van daardie verkiesingsbeampte; (v)

(ii) "gebied" die gebied Suidwes-Afrika; (xxv)

(iii) "geregistreerde adres", met betrekking tot 'n geregistreerde party, die adres deur hom ingevolge artikel 30 (d) verstrekk; (xvii)

(iv) "geregistreerde kieser" 'n persoon wat ingevolge die Registrasieproklamasie as kieser geregistreer is; (xix)

(v) "geregistreerde party" 'n politieke organisasie wat vir verkiesing geregistreer het deur aan die bepalings van artikel 30 te voldoen, en nie sy registrasie voor die sluiting van die registrasiehof ingevolge artikel 31 (7) teruggetrek het nie; (xviii)

## VOTING AT POLLING STATIONS

39. Franchise.
40. Voter may vote at any polling station.
41. Voting to be by secret ballot.
42. Manner of voting.
43. Voter who cannot read or is incapacitated.
44. Tendered ballot papers.
45. Spoiled ballot papers.
46. Sealing of ballot box and other election material.

## DETERMINATION OF RESULT OF THE POLL AND DECLARATION OF RESULT OF THE ELECTION

47. Notice of place and time for determining result of the poll.
48. Verification of ballot paper account.
49. Examination of registration cards.
50. Circumstances under which a tendered ballot paper is to be rejected.
51. Counting of votes.
52. Ballot papers that are to be rejected.
53. Objection to, and finality of, decisions relating to ballot papers.
54. Endorsement of rejected ballot papers.
55. Announcement of result of the poll.
56. Declaration of result of the election.
57. Sealing and safe-keeping of election material.

## OFFENCES AND PENALTIES

58. Infringement of secrecy.
59. Neglect of duty.
60. Obstruction of proceedings and officers.
61. Undue influence and bribery.
62. Offences relating to voting procedures and polling stations and equipment.

## GENERAL

63. Voter not required in legal proceedings to disclose his vote.
64. Evidence of election.
65. Submissions in writing by political organizations or registered parties.
66. Sundays and public holidays.
67. Instructions and forms.
68. Short title.

## ANNEXURE

Form of Ballot Paper.

*Definitions*

1. In this Proclamation, unless the context indicates otherwise—

(i) "Assembly" means the Constituent Assembly referred to in section 2; (xxii)

(ii) "chief electoral officer" means the chief electoral officer appointed in terms of section 22 (1); (vi)

(iii) "controller" means a controller appointed under section 23 (1); (viii)

(iv) "counting officer" means a counting officer appointed under section 25 (3); (xxi)

(v) "district" includes a part of a district and, in relation to an electoral officer appointed for a particular district, and anything to be done in or in respect of that district, includes any part of another district included in that district for the purposes of the appointment of such electoral officer; (i)

(vi) "hoofverkiesingsbeampte" die hoofverkiesingsbeampte ingevolge artikel 22 (1) aangestel; (ii)

(vii) "kieser" iemand wat gestem het of iemand wat wil stem, na gelang van die samehang; (xxvi)

(viii) "kontroleur" 'n kontroleur kragtens artikel 23 (1) aangestel; (iii)

(ix) "lid" 'n lid van die Vergadering; (ix)

(x) "lys van *sine die*-uitgestelde besware" die lys wat ingevolge artikel 25 (3) en (4) van die Registrasieproklamasie opgestel is en wat besonderhede bevat van die uitstellings *sine die* van verhore van besware kragtens daardie Proklamasie ingedien teen die behoud van die name van geregistreerde kiesers op die register van kiesers; (viii)

(xi) "nominasie" nominasie kragtens artikel 6 of 9 as 'n verteenwoordiger, en het "nomineer" 'n ooreenstemmende betekenis; (x)

(xii) "*Offisiële Koerant*" die *Offisiële Koerant* van die gebied; (xi)

(xiii) "politieke organisasie" 'n politieke party of 'n vereniging van politieke partye of van 'n politieke party en enige ander vereniging van of groep persone; (xii)

(xiv) "President" die President van die Vergadering; (xv)

(xv) "register van kiesers" die duplikate van registrasiekaarte in artikel 15 (2) van die Registrasieproklamasie bedoel; (xx)

(xvi) "registrasiekaart" 'n registrasiekaart soos in die Registrasieproklamasie omskryf, en, met betrekking tot 'n geregistreerde kieser, die registrasiekaart wat by sy registrasie as 'n kieser ingevolge daardie Proklamasie aan hom uitgereik is; (xxi)

(xvii) "Registrasieproklamasie" die Proklamasie op die Registrasie van Kiesers (Grondwetgewende Vergadering), 1978 (Proklamasie AG. 37 van 1978); (xxii)

(xviii) "Sekretaris" die Sekretaris van die Vergadering in artikel 17 (1) bedoel; (xxiv)

(xix) "stemagent" 'n stemagent kragtens artikel 27 (4) aangestel; (xiii)

(xx) "stemopnemer" 'n stemopnemer kragtens artikel 25 aangestel; (xiv)

(xxi) "telbeampte" 'n telbeampte kragtens artikel 25 (3) aangestel; (iv)

(xxii) "Vergadering" die Grondwetgewende Vergadering in artikel 2 bedoel; (i)

(xxiii) "verkiesingsagent" 'n verkiesingsagent kragtens artikel 27 (1) aangestel; (vi)

(xxiv) "verkiesingsbeampte" 'n verkiesingsbeampte ingevolge artikel 24 (1) aangestel; (vii)

(xxv) "verteenwoordiger" 'n persoon wat lid van die Vergadering is of, na gelang van die samehang, deur nominasie lid moet word ingevolge artikel 7 (2) of 9 (4); (xxiii)

(xxvi) "voorsittende beampte" 'n voorsittende beampte kragtens artikel 25 aangestel. (xvi)

## DIE GRONDWETGEWENDE VERGADERING

### *Instelling en bevoegdhede van die Vergadering*

2. (1) Die persone ooreenkomstig die bepalinge van hierdie Proklamasie genomineer, is, behoudens daardie bepalinge, as verteenwoordigers van die mense van die gebied, 'n Grondwetgewende Vergadering met die bevoegdheid om 'n grondwet vir die gebied op te stel en aan te neem met die oog op die onafhanklikwording van die gebied as 'n soewereine staat op die datum van inwerkingtreding van daardie grondwet.

(vi) "election agent" means an election agent appointed under section 27 (1); (xxiii)

(vii) "electoral officer" means an electoral officer appointed in terms of section 24 (1); (xxiv)

(viii) "list of objections postponed *sine die*" means the list compiled in terms of section 25 (3) and (4) of the Registration Proclamation, and containing particulars of the postponements *sine die* of hearings of objections, lodged under that Proclamation, to the retention of the names of any registered voters on the register of voters; (x)

(ix) "member" means a member of the Assembly; (ix)

(x) "nomination" means nomination under section 6 or 9 as a representative, and "nominate" has a corresponding meaning; (xi)

(xi) "*Official Gazette*" means the *Official Gazette* of the territory; (xii)

(xii) "political organization" means a political party or any association of political parties or of any political party and any other association or group of persons; (xiii)

(xiii) "polling agent" means a polling agent appointed under section 27 (4); (xix)

(xiv) "polling officer" means a polling officer appointed under section 25; (xx)

(xv) "President" means the President of the Assembly; (xiv)

(xvi) "presiding officer" means a presiding officer appointed under section 25; (xxvi)

(xvii) "registered address", in relation to a registered party, means the address furnished by it in terms of section 30 (d); (iii)

(xviii) "registered party" means a political organization that has registered for election by complying with the provisions of section 30, and has not withdrawn its registration before the closing of the registration court in terms of section 31 (7); (v)

(xix) "registered voter" means a person registered as a voter in terms of the Registration Proclamation; (iv)

(xx) "register of voters" means the duplicates of registration cards referred to in section 15 (2) of the Registration Proclamation; (xv)

(xxi) "registration card" means a registration card as defined in the Registration Proclamation, and, in relation to a registered voter, the registration card issued to him on his registration as a voter in terms of that Proclamation; (xvi)

(xxii) "Registration Proclamation" means the Registration of Voters (Constituent Assembly) Proclamation, 1978 (Proclamation AG.37 of 1978); (xvii)

(xxiii) "representative" means a person who is, or, as the context may require, is by nomination to become, a member of the Assembly in terms of section 7 (2) or 9 (4); (xxv)

(xxiv) "Secretary" means the Secretary of the Assembly referred to in section 17 (1); (xviii)

(xxv) "territory" means the territory of South West Africa; (ii)

(xxvi) "voter" means a person who has voted or a person who wishes to vote, as the context may require. (vii)

## THE CONSTITUENT ASSEMBLY

### *Establishment and powers of the Assembly*

2. (1) The persons nominated in accordance with the provisions of this Proclamation shall, subject to those provisions, as representatives of the people of the territory be a Constituent Assembly with power to draw up and adopt a constitution for the territory with a view to its becoming independent as a sovereign state on the date of the coming into operation of such constitution.

## (2) Die Vergadering kan—

(a) aan die Administrateur-generaal versoeke, aanbevelings of voorstelle voorlê aangaande die gedragslyn wat die Vergadering verlang gevolg moet word of die stappe wat hy verlang gedoen moet word met die oog op die onafhanklikwording van die gebied as 'n soewereine staat;

(b) die Administrateur-generaal van raad dien of enige aanbeveling aan hom maak, op sy versoek of uit die beweging, aangaande die verordening, wysiging of herroeping van enige wet of die uitoefening van 'n regeringswerkzaamheid in of ten opsigte van die gebied deur die Administrateur-generaal of 'n ander gesag.

(3) Die Administrateur-generaal is nie verplig om aan enige versoek, aanbeveling, voorstel of advies deur die Vergadering kragtens subartikel (2) voorgelê of gegee, gevolg te gee nie.

*Samestelling van die Vergadering*

3. Die Vergadering bestaan uit 50 lede wat persone moet wees wat genomineer is deur die geregistreerde party vir dié doel deur geregistreerde kiesers gekies by die verkiesing ingevolge die bepalings van hierdie Proklamasie gehou.

*Kwalifikasies van lede van die Vergadering*

4. (1) Enige persoon wie se naam op die register van kiesers verskyn en wat een-en-twintig jaar oud of ouer is en nie aan 'n in subartikel (2) genoemde onbevoegdheid onderhewig is nie, is bevoeg om as verteenwoordiger genomineer te word en om lid van die Vergadering te wees.

(2) Niemand is bevoeg om as verteenwoordiger genomineer te word of om lid van die Vergadering te wees nie indien hy onderworpe is aan 'n hofbevel wat hom swak-sinnig of geestelik gekrenk of gebrekkig verklaar, of kragtens die een of ander wet as 'n geestesongestelde persoon aanghou word.

*Aantal verteenwoordigers wat deur 'n geregistreerde party genomineer kan word*

5. (1) Die aantal verteenwoordigers, indien daar is, wat deur 'n geregistreerde party genomineer kan word, hang af van die aantal stemme wat by die stemming in die verkiesing op daardie geregistreerde party uitgebring is en word ooreenkomstig die bepalings van hierdie artikel bereken.

(2) Vir die berekening van genoemde aantal verteenwoordigers, word 'n kwota vir een verteenwoordiger vasgestel ooreenkomstig die formule:

$$Y = \frac{B}{50}$$

waarin—

Y genoemde kwota voorstel;

B die totale aantal stemme voorstel wat by die stemming op alle geregistreerde partye uitgebring is, en 'n breuk wat by die berekening van die waarde van  $\frac{B}{50}$  verkry word, buite rekening gelaat word.

## (2) The Assembly may—

(a) submit to the Administrator-General requests, recommendations or proposals as to any course of action it desires to be followed or any steps it desires to be taken with a view to the attainment of independence by the territory as a sovereign state;

(b) advise or make any recommendation to the Administrator-General, at his request or of its own motion, as to the enactment, amendment or repeal of any law or the exercise of any governmental function in or in respect of the territory by the Administrator-General or any other authority.

(3) The Administrator-General shall not be obliged to give effect to any request, recommendation, proposal or advice submitted or given by the Assembly under subsection (2).

*Composition of the Assembly*

3. The Assembly shall be composed of fifty members who shall be persons nominated by the registered parties elected for that purpose by registered voters at the election held in accordance with the provisions of this Proclamation.

*Qualifications of members of the Assembly*

4. (1) Any person whose name appears on the register of voters and who is of or over the age of twenty-one years and is not subject to a disqualification mentioned in subsection (2) shall be qualified for nomination as a representative and to be a member of the Assembly.

(2) No person shall be qualified for nomination as a representative or to be a member of the Assembly if he is subject to an order of court declaring him to be of unsound mind or mentally disordered or defective, or is detained as a mentally ill person under any law.

*Number of representatives that may be nominated by a registered party*

5. (1) The number of representatives, if any, that may be nominated by any registered party shall depend upon the number of votes given to such registered party at the poll taken at the election and shall be calculated in accordance with the provisions of this section.

(2) For the purposes of calculating the said number of representatives, a quota for one representative shall be fixed in accordance with the formula:

$$Y = \frac{B}{50}$$

in which—

Y represents the said quota;

B represents the total number of votes given to all registered parties at the poll,

and any fraction obtained in calculating the value of  $\frac{B}{50}$  is disregarded.

(3) Genoemde aantal verteenwoordigers word bereken ooreenkomstig die formule:

$$X = \frac{A}{Y} + Z$$

waarin—

- X genoemde aantal voorstel;
- A die aantal stemme voorstel wat by die stemming op die betrokke geregistreerde party uitgebring is;
- Y die kwota voorstel wat ingevolge subartikel (2) vasgestel is;
- Z die waarde 1 verteenwoordig indien 'n verteenwoordiger ingevolge subartikel (4) aan die betrokke geregistreerde party toegewys word, en die waarde 0 verteenwoordig indien geen verteenwoordiger aldus aan die betrokke geregistreerde party toegewys word nie,

en 'n breuk wat by die berekening van die waarde van  $\frac{A}{Y}$  verkry word, buite rekening gelaat word behalwe by die toepassing van subartikel (4), waarin daar na sodanige breuk verwys word as nie-toegewysde stemme.

(4) Indien, wanneer die waarde van  $\frac{A}{Y}$  ingevolge sub-

artikel (3) vir elke geregistreerde party bepaal is, die aantal verteenwoordigers wat deur al sodanige waardes gesamentlik verteenwoordig word, minder as vyftig is, word die aantal wat die tekort verteenwoordig, op die grondslag van een verteenwoordiger elk toegeken aan 'n gelyke aantal geregistreerde partye, synde dié geregistreerde partye wat die grootste getalle nie-toegewysde stemme het.

#### *Nominasie van verteenwoordigers by aankondiging van uitslag van die stemming*

6. (1) 'n Geregistreerde party wat ingevolge die aankondiging van die uitslag van die stemming kragtens artikel 55 geregtig is om verteenwoordigers te nomineer, moet sonder versuim sy nominasies doen deur skriftelik, in die vorm deur die hoofverkiesingsbeampte voorgeskryf, aan die hoofverkiesingsbeampte voor te lê, ten opsigte van elke verteenwoordiger—

- (a) sy aanvaarding van die nominasie;
- (b) sy volle name en van;
- (c) sy geboortedatum; en
- (d) die nommer van die registrasiekaart aan hom uitgereik;

Met dien verstande dat 'n geregistreerde party, met verloop van die hoofverkiesingsbeampte, te eniger tyd voor die afkondiging van die kennisgewing in artikel 7 bedoel, enige nominasie kan terugtrek en 'n nuwe nominasie kan doen.

(2) Indien 'n geregistreerde party versuim om binne twee-en-sewentig uur na die aankondiging van die uitslag van die stemming ingevolge artikel 55 of binne die verdere tydperk wat die hoofverkiesingsbeampte in die algemeen of in 'n bepaalde geval toelaat, 'n nominasie te doen wat hy geregtig is om te doen, nomineer die Administrateur-generaal, na die oorlegpleging met enige ampsbekleder van die betrokke geregistreerde party wat hy goed ag, in plaas van die geregistreerde party enige persoon wat na die Administrateur-generaal se mening deur daardie geregistreerde party genomineer kon gewees het, en bedoelde persoon word by die toepassing van hierdie Proklamasie geag deur daardie geregistreerde party genomineer te wees.

(3) The said number of representatives shall be calculated in accordance with the formula:

$$X = \frac{A}{Y} + Z$$

in which—

- X represents the said number;
- A represents the number of votes given to the registered party concerned at the poll;
- Y represents the quota fixed in terms of subsection (2);
- Z represents the value 1 if a representative is allocated to the registered party concerned in terms of subsection (4), and the value 0 if no representative is so allocated to the registered party concerned,

and any fraction obtained in calculating the value of  $\frac{A}{Y}$  is disregarded except for the purposes of subsection (4), in which such fraction is referred to as unallocated votes.

(4) If, when the value of  $\frac{A}{Y}$  has been determined

in terms of subsection (3) for each registered party, the number of representatives represented by the aggregate of all such values is less than fifty, the number representing the shortfall shall be allocated on the basis of one representative each to an equal number of registered parties, being those registered parties having the greatest numbers of unallocated votes.

#### *Nomination of representatives upon announcement of result of the poll*

6. (1) A registered party which in terms of the announcement of the result of the poll under section 55 is entitled to nominate any representatives, shall make its nominations without delay by submitting to the chief electoral officer, in writing in the form prescribed by him, in respect of each representative—

- (a) his acceptance of the nomination;
- (b) his full names and surname;
- (c) the date of his birth; and
- (d) the number of the registration card issued to him:

Provided that a registered party may, with the permission of the chief electoral officer, withdraw any nomination and make a fresh nomination at any time before the publication of the notice referred to in section 7.

(2) If any registered party fails to make any nomination which it is entitled to make, within seventy-two hours after the announcement of the result of the poll in terms of section 55, or within such further period as may be allowed generally or in any particular case by the chief electoral officer, the Administrator-General, after such consultation with any office-bearer of the registered party concerned as he may think fit, shall in the stead of the registered party nominate any person who, in the opinion of the Administrator-General, might have been nominated by that registered party, and such person shall for the purposes of this Proclamation be deemed to have been nominated by that registered party.

*Publikasie van name van eerste lede van die Vergadering*

7. (1) Die hoofverkiegingsbeampte moet in die kennisgewing wat ingevolge artikel 56 in die *Offisiële Koerant* gepubliseer word, die vanne en voorname, in alfabetiese volgorde, van die verteenwoordigers wat ingevolge artikel 6 genomineer is en, ten opsigte van elke verteenwoordiger, die besonderhede wat ingevolge paragrawe (b) tot (d) van artikel 6 (1) verstrekk is en die naam van die geregistreerde party wat hom genomineer het, aangee.

(2) Behoudens die bepalings van artikel 8 is die verteenwoordigers wie se name in die kennisgewing in subartikel (1) van hierdie artikel bedoel, gepubliseer is, lede van die Vergadering vanaf die datum van die publikasie van daardie kennisgewing.

*Ontruiming van setel deur lid van die Vergadering*

8. (1) 'n Lid ontruim sy setel—

(a) indien hy skuldig bevind word aan 'n misdryf ingevolge artikel 61 of artikel 62 (1) (a), (b), (c) of (d), of aan 'n misdryf ten opsigte waarvan hy tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonnissen word;

(b) indien hy aan 'n onbevoegdheid in artikel 4 (2) genoem, onderhewig word;

(c) behoudens die reëls en orders van die Vergadering, indien hy van drie agtereenvolgende sittings van die Vergadering afwesig is sonder verlof van die Vergadering, en sy afwesigheid nie deur die Vergadering gekondoneer word nie;

(d) indien hy deur 'n bedankingsbrief, deur hom onderteken en aan die President gerig, vir sy setel bedank.

(2) Die geldigheid van 'n besluit van of verrigtinge in die Vergadering word nie deur die stem van of deelname deur 'n lid wat daarna sy setel ingevolge subartikel (1) ontruim het, of deur die feit dat daar ten tyde van sodanige besluit of verrigtinge 'n vakature in die Vergadering bestaan het, geraak nie.

*Vul van vakatures in die Vergadering*

9. (1) By die eerste gepaste sitting van die Vergadering nadat 'n vakature daarin ontstaan het, verklaar die President dat die vakature bestaan en sê hy die geregistreerde party wat die verteenwoordiger genomineer het wie se ontruiming van sy amp as lid van die Vergadering die vakature veroorsaak het, aan om te geleëner tyd 'n verteenwoordiger ten opsigte van die vakature te nomineer.

(2) Indien die betrokke geregistreerde party versuim om 'n nominasie te doen binne twee-en-sewentig uur nadat daar ingevolge subartikel (1) van hierdie artikel verklaar is dat die vakature bestaan of binne die verdere tydperk wat die President toelaat, is die bepalings van artikel 6 (2) *mutatis mutandis* van toepassing.

(3) 'n Nominasie van 'n verteenwoordiger ingevolge hierdie artikel word gedoen deur die aanvaarding deur die genomineerde persoon van die nominasie en, ten opsigte van daardie persoon, die besonderhede in paragrawe (b) tot (d) van artikel 6 (1) genoem, skriftelik aan die Sekretaris voor te lê in die vorm deur hom voorgeskryf.

(4) Die nominasie van 'n verteenwoordiger ingevolge hierdie artikel word deur die President in die Vergadering aangekondig, en daarop is bedoelde verteenwoordiger, behoudens die bepalings van artikel 8 en die reëls en orders van die Vergadering, 'n lid van die Vergadering.

*Aan lede van die Vergadering kan toelaes betaal word*

10. (1) Aan 'n lid van die Vergadering kan die toelaes betaal word en die geriewe verskaf word wat die Administrateur-generaal bepaal.

*Publication of names of first members of the Assembly*

7. (1) The chief electoral officer shall, in the notice published in the *Official Gazette* in terms of section 56, set out in alphabetical order the surnames and first names of the representatives nominated in terms of section 6, and, in respect of each representative, the particulars furnished in terms of paragraphs (b) to (d) of section 6 (1), and the name of the registered party by which he was nominated.

(2) Subject to the provisions of section 8, the representatives whose names are published in the notice referred to in subsection (1) of this section, shall be members of the Assembly as from the date of the publication of that notice.

*Vacating of seat by member of the Assembly*

8. (1) A member shall vacate his seat—

(a) if he is convicted of an offence in terms of section 61 or section 62 (1) (a), (b), (c) or (d), or of any offence in respect of which he is sentenced to imprisonment without the option of a fine;

(b) if he becomes subject to a disqualification mentioned in section 4 (2);

(c) subject to the rules and orders of the Assembly, if he is absent from three consecutive sittings of the Assembly without its leave, and his absence is not condoned by the Assembly;

(d) if he resigns his seat by writing under his hand addressed to the President.

(2) The validity of a decision of or any proceedings in the Assembly shall not be affected by the vote or participation of a member who subsequently vacated his seat in terms of subsection (1), or by the fact that a vacancy existed in the Assembly at the time of such decision or proceedings.

*Filling of vacancies in the Assembly*

9. (1) At the first convenient sitting of the Assembly after the occurrence of a vacancy therein, the President shall declare the existence of the vacancy and call upon the registered party which nominated the representative whose vacation of office as a member of the Assembly caused the vacancy, to nominate a representative in respect of the vacancy in due course.

(2) If the registered party concerned fails to make a nomination within seventy-two hours after the existence of the vacancy is declared in terms of subsection (1) of this section or within such further period as the President may allow, the provisions of section 6 (2) shall *mutatis mutandis* apply.

(3) A nomination of a representative in terms of this section shall be made by the submission to the Secretary, in writing in the form prescribed by him, of the acceptance by the person nominated of the nomination, and, in respect of that person, of the particulars mentioned in paragraphs (b) to (d) of section 6 (1).

(4) The nomination of a representative in terms of this section shall be announced by the President in the Assembly, and, subject to the provisions of section 8 and the rules and orders of the Assembly, such representative shall thereupon be a member of the Assembly.

*Members of the Assembly may be paid allowances*

10. (1) A member of the Assembly may be paid such allowances and may be afforded such facilities as may be determined by the Administrator-General.

(2) Die Administrateur-generaal kan verskillende toe- laes en geriewe bepaal ten opsigte van lede wat verskil- lende ampte in die Vergadering beklee.

#### *Setel van die Vergadering*

11. Windhoek is die setel van die Vergadering.

#### *Eerste byeenkoms van die Vergadering*

12. Die eerste byeenkoms van die Vergadering vind plaas op 'n tyd deur die Administrateur-generaal by proklamasie in die *Offisiële Koerant* bepaal.

#### *Verkieping van President*

13. (1) Op die eerste byeenkoms van die Vergadering lees die Sekretaris die proklamasie van die Administra- teur-generaal waarby die Vergadering byeengeroep word, en open die Administrateur-generaal die verrigtinge.

(2) Daarna gaan die Vergadering oor tot die verkieping van 'n lid as President van die Vergadering.

(3) Die Sekretaris tree as voorsitter op tot 'n President gekies is, en kan die byeenkoms van tyd tot tyd verdaag na vereiste van omstandighede.

(4) Die voorstel van 'n kandidaat vir verkieping as President moet deur 'n lid gedoen en deur minstens vyf ander lede geseondeer word.

(5) Indien slegs een kandidaat voorgestel en gesekon- deer word, word hy deur die Sekretaris as behoorlik ver- kies verklaar.

(6) Indien meer as een kandidaat voorgestel en gesekon- deer word, vind 'n stemming plaas waarby elke lid wat teenwoordig is een stem het en geen debat toegelaat word nie, en word die kandidaat ten gunste van wie 'n meer- derheid aangeteken word van al die stemme wat uitge- bring is, deur die Sekretaris as behoorlik verkies verklaar.

(7) Indien geen kandidaat 'n meerderheid verkry van al die stemme wat aldus uitgebring is nie, word die kandi- daat of kandidate wat die minste stemme gekry het, uit- geskakel en word 'n verdere stemming ten opsigte van die oorblywende kandidate gehou, en hierdie prosedure word herhaal so dikwels as wat nodig is.

(8) Indien daar slegs twee kandidate is, of indien slegs twee kandidate oorbly na die uitskakeling van 'n kandidaat ingevolge subartikel (7), en daar 'n staking van stemme tussen hulle is, word geeneen as verkies beskou nie, en verdaag die Sekretaris die byeenkoms tot op 'n tyd deur hom vasgestel.

(9) Op die voortgesette byeenkoms vra die Sekretaris nuwe voorstelle van kandidate vir verkieping as President en, totdat 'n President verkies is, is die bepalings van hierdie artikel, met uitsondering van subartikel (1), van toepassing asof die voortgesette byeenkoms of 'n verdere voortgesette byeenkoms die eerste byeenkoms was wat, soos in subartikel (2) beoog, tot die verkieping van 'n President oorgaan.

(10) Indien 'n lid in enige stadium van die verrigtinge kragtens hierdie artikel voorstel dat die stemming vir die verkieping van 'n President geheim moet wees, en die voor- stel deur minstens tien ander lede geseondeer word, vind die stemming in die geheim plaas op die wyse wat die Sekretaris goed ag.

(11) Tensy die Vergadering anders bepaal—

(a) beklee die lid wat ingevolge hierdie artikel as President verkies is, die amp van President vir solank as wat hy 'n lid is;

(b) word 'n vakature in die amp van President *mutatis mutandis* ooreenkomstig die bepalings van hier- die artikel gevul.

(2) The Administrator-General may determine different allowances or facilities in respect of members holding different offices in the Assembly.

#### *Seat of the Assembly*

11. Windhoek shall be the seat of the Assembly.

#### *First meeting of the Assembly*

12. The first meeting of the Assembly shall take place at a time determined by the Administrator-General by proclamation in the *Official Gazette*.

#### *Election of President*

13. (1) At the first meeting of the Assembly, the Secre- tary shall read the Administrator-General's proclamation summoning the Assembly, and the Administrator-General shall open the proceedings.

(2) Thereafter the Assembly shall proceed to elect a member as President of the Assembly.

(3) The Secretary shall act as chairman until a President is elected, and may adjourn the meeting from time to time as circumstances may require.

(4) A proposal of a candidate for election as President shall be moved by a member and seconded by at least five other members.

(5) If only one candidate is proposed and seconded, he shall be declared by the Secretary to be duly elected.

(6) If more than one candidate is proposed and secon- ded, a vote shall be taken, each member present having one vote and no debate being allowed, and the candidate in whose favour a majority of all the votes cast is recorded, shall be declared by the Secretary to be duly elected.

(7) If no candidate receives a majority of all the votes so cast, the candidate or candidates who received the smallest number of votes shall be eliminated and a further vote shall be taken in respect of the remaining candidates, this procedure being repeated as often as may be neces- sary.

(8) If there are only two candidates, or if only two candidates remain after the elimination of any candidate in terms of subsection (7), and there is an equality of votes between them, neither of them shall be regarded as elected, and the Secretary shall adjourn the meeting to a time fixed by him.

(9) At the resumed meeting the Secretary shall call for fresh proposals of candidates for election as President and, until a President is elected, the provisions of this section, with the exception of subsection (1), shall apply as if the resumed meeting or any further resumed meeting were the first meeting proceeding, as contemplated in sub- section (2), to elect a member as President.

(10) If at any stage of the proceedings under this section any member proposes that the voting for the elec- tion of a President be by secret ballot, and such proposal is seconded by at least ten other members, the vote shall be taken by secret ballot in such manner as the Secretary may think fit.

(11) Unless the Assembly determines otherwise—

(a) the member elected as President in terms of this section shall hold office as President for as long as he is a member;

(b) any vacancy in the office of President shall be filled *mutatis mutandis* in accordance with the provisions of this section.



(12) Die bepalings van hierdie artikel word nie so uitgelê dat dit die verkiesing of aanwysing op 'n ander wyse van 'n vise-president of waarnemende president of ander ampsbekleeder van die Vergadering verbied nie.

#### *Reëls en orders van die Vergadering*

14. (1) Die Vergadering kan reëls en orders aanneem in verband met die orde en reëling van sy werksaamhede en verrigtinge.

(2) Tensy en totdat die Vergadering by so 'n reël of order anders bepaal, en behoudens die bepalings van artikel 13—

(a) moet minstens twintig lede aanwesig wees om 'n sitting van die Vergadering vir die uitoefening van sy magte bevoeg te maak;

(b) sit die President of 'n lid deur hom aangewys op 'n sitting van die Vergadering voor en behartig hy die reëling van die werksaamhede en verrigtinge daarvan;

(c) word alle vrae in die Vergadering beslis deur 'n meerderheid van stemme van lede wat aanwesig is en stem met die uitsondering van die President of ander voorsittende lid wat egter by 'n staking van stemme 'n beslissende stem het en uitbring;

(d) kan die Vergadering komitees instel om die werksaamhede te verrig wat die Vergadering bepaal;

(e) laat die Sekretaris die aantekening van die verrigtinge van die Vergadering hou wat die President bepaal.

#### *Vryheid van spraak*

15. (1) Behoudens die reëls en orders van die Vergadering, is daar vryheid van spraak in die Vergadering en in 'n komitee van die Vergadering.

(2) Geen lid staan bloot aan 'n regsgeeding weens sy uitlatings of stem in die Vergadering of 'n komitee van die Vergadering nie.

#### *Verrigtinge vir publiek toeganklik*

16. Behoudens die reëls en orders van die Vergadering, is die verrigtinge van die Vergadering vir die publiek toeganklik.

#### *Sekretaris en ander beamptes van die Vergadering*

17. (1) Die Administrateur-generaal stel 'n persoon aan op die voorwaardes wat die Administrateur-generaal bepaal, of wys 'n persoon in die staatsdiens wat vir dié doel beskikbaar gestel is aan, as Sekretaris van die Vergadering, wat die werksaamhede en pligte verrig wat by hierdie Proklamasie of deur die Vergadering of die President aan hom opgedra word.

(2) Behoudens die wette op die beheer van staatsgeld, verrig die Sekretaris sy werksaamhede en pligte onder beheer van die President.

(3) Die Sekretaris word bygestaan deur beamptes van die Vergadering wat persone in die staatsdiens moet wees wat vir dié doel beskikbaar gestel is of persone moet wees wat deur die Sekretaris aangestel is op die voorwaardes wat hy behoudens die bepalings van subartikel (5) bepaal.

(4) Die Sekretaris kan die dienste van enige persoon, wat nie 'n in subartikel (3) bedoelde beampte van die Vergadering is nie, vir die doeleindes van die Vergadering verkry op die voorwaardes wat behoudens die bepalings van subartikel (5) by ooreenkoms met daardie persoon bepaal word.

(5) Geen voorwaarde wat uitgawe uit die in artikel 18 bedoelde gelde meebring, word sonder die voorafgaande goedkeuring van die Administrateur-generaal kragtens subartikel (3) of (4) van hierdie artikel bepaal nie.

(12) The provisions of this section shall not be construed as prohibiting the election or the designation in some other manner of any vice-president or acting president or other office-bearer of the Assembly.

#### *Rules and orders of the Assembly*

14. (1) The Assembly may make rules and orders with respect to the order and conduct of its business and proceedings.

(2) Unless and until the Assembly by any such rule or order provides otherwise, and subject to the provisions of section 13—

(a) the presence of at least twenty members shall be necessary to constitute a sitting of the Assembly for the exercise of its powers;

(b) the President or a member designated by him shall preside at any sitting of the Assembly and regulate the conduct of its business and proceedings;

(c) all questions in the Assembly shall be determined by a majority of votes of members present and voting other than the President or other presiding member, who shall, however, have and exercise a casting vote in the case of an equality of votes;

(d) the Assembly may establish committees to perform such functions as the Assembly may determine;

(e) the Secretary shall cause such record of the proceedings of the Assembly to be kept as the President may determine.

#### *Freedom of speech*

15. (1) Subject to the rules and orders of the Assembly, there shall be freedom of speech in the Assembly and in any committee of the Assembly.

(2) No member shall be liable to any legal proceedings by reason of his speech or vote in the Assembly or any committee of the Assembly.

#### *Proceedings open to public*

16. Subject to the rules and orders of the Assembly, the proceedings of the Assembly shall be open to the public.

#### *Secretary and other officers of the Assembly*

17. (1) The Administrator-General shall appoint a person on such conditions as the Administrator-General may determine, or designate a person in the public service made available for that purpose, as the Secretary of the Assembly, who shall perform the functions and duties assigned to him by this Proclamation or by the Assembly or the President.

(2) Subject to the laws governing the control of public moneys, the Secretary shall perform his functions and duties under the control of the President.

(3) The Secretary shall be assisted by officers of the Assembly who shall be persons in the public service made available for that purpose or persons appointed by the Secretary on such conditions as he may determine subject to the provisions of subsection (5).

(4) The Secretary may obtain the services of any person, not being an officer of the Assembly referred to in subsection (3), for the purposes of the Assembly on such conditions as may be determined, subject to the provisions of subsection (5), by agreement with such person.

(5) No condition involving expenditure from the moneys referred to in section 18 shall be determined under subsection (3) or (4) of this section without the prior approval of the Administrator-General.

*Finansies*

18. Die uitgawe in verband met die Vergadering en die verrigting deur hom van sy werksaamhede word betaal uit gelde wat die Administrateur-generaal vir dié doel bewillig.

*Misdrywe met betrekking tot die Vergadering*

19. Iemand wat—

(a) 'n lid wat op weg is na of van die Vergadering, of weens sy optrede in die Vergadering, dreig, belemmer of beledig, of poog om 'n lid deur geweld, belediging of bedreiging te dwing om hom ten gunste van of teen 'n voorstel of aangeleentheid te verklaar wat in die Vergadering aanhangig is of na verwagting aanhangig gemaak sal word; of

(b) terwyl die Vergadering in sitting is, 'n steurnis in of in die nabyheid van die Vergadering veroorsaak of daaraan deelneem, waardeur die verrigtinge van die Vergadering onderbreek word of waarskynlik onderbreek sal word; of

(c) hom skuldig maak aan 'n handeling of versuim wat ingevolge die reëls en orders van die Vergadering minagting van die Vergadering uitmaak,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyfhonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.

## GRONDWET DEUR DIE VERGADERING AANGENEEM

*Publikasie en inwerkingtreding van grondwet deur die Vergadering aangeneem*

(3) By voldoening aan die bepalings van subartikel (1) kan die hoofverkiegingsbeampte, indien en vir sover hy dit dienstig ag, afsonderlik handel met die stembusse, aangebode stembrieffkoeverte en stembriewe wat van verskillende distrikte ontvang is.

officer may take into consideration, and make enquiries as to, any information or any circumstance, occurrence or fact which in his opinion is relevant to the decision of that question.

*Circumstances under which a tendered ballot paper is to be rejected*

50. (1) On receiving from a magistrate an advice contemplated in section 44 (5), the chief electoral officer shall endorse the decision to which the advice relates on the duplicate of the relevant registration card and on the relevant tendered ballot paper envelope and, if the objection to which the decision relates was allowed by the magistrate, remove that envelope from the packet in which it is contained.

(2) If, after the provisions of section 49 have been complied with in respect of all registration cards, or, as the chief electoral officer may decide, all registration cards received under section 46 (3) from a particular district, there remains in any packet, or, as the case may be, in any packet so received from that district, any tendered ballot paper envelope that has not been endorsed in terms of subsection (1) of this section, the chief electoral officer shall enquire from the magistrate who postponed the relevant objection *sine die*, and shall endorse on the relevant registration card and on such tendered ballot paper envelope, whether the objection has been decided and, if so, whether it was dismissed or allowed, and, if it has not been decided or was allowed, remove such tendered ballot paper envelope from the packet in which it is contained.

(3) The ballot paper contained in a tendered ballot paper envelope removed from any packet in terms of subsection (1) or (2) shall be rejected and not be counted.

*Counting of votes*

51. (1) After the provisions of section 50 have been complied with, the chief electoral officer shall—

(a) remove from the ballot boxes and relevant packets all ballot paper envelopes and tendered ballot paper envelopes containing ballot papers not rejected in terms of the preceding provisions of this Proclamation;

(b) open each such envelope and take out the ballot paper contained in it, without unfolding the ballot paper;

(c) remove and destroy all the envelopes so opened;

(d) mix together all the ballot papers in such manner that it is impossible to determine from which ballot box or envelope any particular ballot paper was taken;

(e) unfold the ballot papers so mixed and sort them on the basis of the registered parties to which the votes were given; and

(f) count the votes given for each registered party.

(2) The chief electoral officer shall take all proper precautions for preventing any person from discovering the manner in which any ballot paper is marked while such ballot paper is being taken out of its envelope and before such envelope is removed and destroyed.

(3) In complying with the provisions of subsection (1) the chief electoral officer may, if and in so far as he deems it expedient, deal separately with the ballot boxes, tendered ballot paper envelopes and ballot papers received from different districts.



*Stembriewe wat verwerp moet word*

52. (1) Die hoofverkiegingsbeampste moet 'n stembrief verwerp en nie tel nie wat—

(a) stemme op meer as een geregistreerde party uitbring; of

(b) wat nie die amptelike merk dra nie en ten opsigte waarvan hy gegronde rede het om te glo dat dit nie amptelik ingevolge artikel 42 (5) aan 'n kieser uitgereik is nie; of

(c) ongemerk of weens onsekerheid kragteloos is.

(2) Die hoofverkiegingsbeampste verwerp nie maar tel 'n stembrief met 'n ander merk of skrif daarop as die handtekening van die kieser, waardeur 'n kieser sy keuse duidelik aangedui het op 'n ander wyse as deur 'n kruis.

*Beswaar teen, en afdoendheid van, besluite met betrekking tot stembriewe*

53. (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2), is die verwerping of aanvaarding van 'n stembrief kragtens 'n bepaling van hierdie Proklamasie deur die hoofverkiegingsbeampste afdoende, en geen geregshof is bevoeg om uitspraak oor die geldigheid daarvan te doen nie.

(2) Indien 'n agent van 'n geregistreerde party beswaar maak teen die verwerping of aanvaarding van 'n stembrief deur die hoofverkiegingsbeampste kragtens artikel 49 (2) (b) of artikel 52 en daardie agent of 'n ander agent van 'n geregistreerde party die hoofverkiegingsbeampste versoek om die aangeleentheid na 'n kragtens subartikel (3) van hierdie artikel ingestelde verwysingsraad te verwys, verval die hoofverkiegingsbeampste se besluit om daardie stembrief te verwerp of, na gelang van die geval, te aanvaar, en verwys die hoofverkiegingsbeampste die aangeleentheid na so 'n verwysingsraad.

(3) (a) Die Administrateur-generaal kan soveel verwysingsrade instel as wat hy goed ag.

(b) 'n Verwysingsraad bestaan uit drie lede deur die Administrateur-generaal aangestel behoudens die bepalings van paragraaf (c).

(c) 'n Regter van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, 'n landdros, iemand wat te eniger tyd die amp van so 'n regter of van landdros beklee het, en 'n advokaat van genoemde Hof met 'n beroepstydperk van minstens tien jaar kan as lid van 'n verwysingsraad aangestel word.

(d) Die Administrateur-generaal wys een van die lede van 'n verwysingsraad aan as die voorsitter van daardie raad.

(e) Die bepalings van artikel 26 is *mutatis mutandis* van toepassing op die lede van 'n verwysingsraad.

(4) Die besluit van twee lede van 'n verwysingsraad is die besluit van daardie raad.

(5) 'n Verwysingsraad kom, op die tye wat die voorsitter van daardie raad bepaal, vir die verrigting van sy werksaamhede byeen in of by die perseel waar die uitslag van die stemming bepaal word en handel summier met enige aangeleentheid wat ingevolge subartikel (2) na hom verwys word.

(6) Vir die oorweging en beslissing van 'n aangeleentheid wat ingevolge subartikel (2) na hom verwys is, is 'n verwysingsraad beklee met die bevoegdhede, pligte en werksaamhede wat hy enige bepaling van artikel 49 of artikel 52, na gelang van die geval, met betrekking tot daardie aangeleentheid aan die hoofverkiegingsbeampste verleen of opgedra is, en die beslissing van daardie verwysingsraad oor daardie aangeleentheid word by die toepassing van die betrokke bepaling geag die beslissing van die hoofverkiegingsbeampste te wees. Met dien verstande dat die beslissing van die verwysingsraad afdoende is en vir alle agente van geregistreerde partye bindend is, en dat geen geregshof bevoeg is om uitspraak oor die geldigheid daarvan te doen nie.

*Ballot papers that are to be rejected*

52. (1) The chief electoral officer shall reject and not count any ballot paper which—

(a) gives votes to more than one registered party; or

(b) does not bear the official mark and in respect of which he has reasonable grounds to believe that it was not officially issued to a voter in terms of section 42 (5); or

(c) is unmarked or void for uncertainty.

(2) The chief electoral officer shall not reject but shall count any ballot paper on which there is a mark or writing, other than the signature of the voter, by means of which a voter has clearly indicated his choice otherwise than by a cross.

*Objection to, and finality of, decisions relating to ballot papers*

53. (1) Subject to the provisions of subsection (2), the rejection or acceptance of a ballot paper by the chief electoral officer under any provision of this Proclamation shall be final, and no court of law shall have jurisdiction to pronounce upon the validity thereof.

(2) If an agent of a registered party objects to the rejection or the acceptance of a ballot paper by the chief electoral officer under section 49 (2) (b) or section 52 and such agent or any other agent of a registered party requests the chief electoral officer to refer the matter to a reference board established under subsection (3) of this section, the chief electoral officer's decision to reject or, as the case may be, to accept such ballot paper shall lapse and the chief electoral officer shall refer the matter to such a reference board for decision.

(3) (a) The Administrator-General may establish as many reference boards as he thinks fit.

(b) A reference board shall consist of three members appointed by the Administrator-General subject to the provisions of paragraph (c).

(c) Any judge of the Supreme Court of South Africa, any magistrate, any person who at any time held office as such a judge or as a magistrate, and any advocate of the said Court of at least ten years' standing may be appointed as a member of a reference board.

(d) The Administrator-General shall designate one of the members of a reference board as the chairman of such board.

(e) The provisions of section 26 shall apply *mutatis mutandis* to the members of a reference board.

(4) The decision of two members of a reference board shall be the decision of that board.

(5) A reference board shall for the performance of its functions meet, at such times as the chairman of such board may determine, in or at the premises where the result of the poll is being determined and shall deal summarily with any matter referred to it in terms of subsection (2).

(6) A reference board shall for the purpose of considering and deciding any matter referred to it in terms of subsection (2) be vested with the powers, duties and functions conferred upon or assigned to the chief electoral officer in relation to that matter by any provision of section 49 or section 52, as the case may be, and the decision of such reference board on that matter shall for the purpose of any such provision be deemed to be the decision of the chief electoral officer: Provided that the decision of such reference board shall be final, and shall be binding on all agents of registered parties, and that no court of law shall have jurisdiction to pronounce upon the validity thereof.

*Endossering van stembriewe wat verwerp is*

54. Die hoofverkiegingsbeampte endosseer die woord "verwerp" of "rejected" op 'n stembrief wat finaal ingevolge hierdie Proklamasie verwerp is, en vir dié doel moet hy elke koevert wat so 'n stembrief bevat, oopmaak, die stembrief uithaal sonder om dit oop te vou, en die koevert verwyder en vernietig.

*Aankondiging van uitslag van die stemming*

55. Wanneer die uitslag van die stemming ingevolge artikel 51 bepaal is, bereken die hoofverkiegingsbeampte die aantal verteenwoordigers wat elke geregistreerde party ingevolge artikel 5 geregtig is om te nomineer, en kondig hy daarop buitekant die hoofbuite deur van die perseel waarin die tel van stemme plaasgevind het, aan—

- (a) die totale aantal stemme getel;
- (b) die aantal stemme op elke geregistreerde party uitgebring; en
- (c) die aantal verteenwoordigers (indien daar is) wat elke geregistreerde party geregtig is om soos voormeld te nomineer.

*Verklaring van uitslag van die verkiesing*

56. (1) Die hoofverkiegingsbeampte verklaar te geleëner tyd die uitslag van die verkiesing by kennisgewing in die *Offisiële Koerant*, waarin die besonderhede ingevolge artikel 55 aangekondig en, met inagneming van die bepalings van artikel 7 (1), die name en besonderhede van die verteenwoordigers wat ingevolge artikel 6 deur geregistreerde party genomineer is, aangegee word.

(2) Die verklaring van die hoofverkiegingsbeampte kragtens subartikel (1) word nie deur 'n geregshof tersyde gestel nie behalwe by bewys van bedrog wat die uitslag van die stemming soos ingevolge artikel 55 aangekondig weselik raak.

*Verseëling en bewaring van verkiesingsmateriaal*

57. (1) Die hoofverkiegingsbeampte moet so gou doenlik na die verklaring van die uitslag van die verkiesing in afsonderlike pakkette toemaak—

- (a) alle getelde stembriewe;
- (b) alle verworpe stembriewe;
- (c) alle teenblaaie van gebruikte of gekanselleerde stembriewe, tesame met die gekanselleerde stembriewe en alle stembriefverslae; en
- (d) alle registrasiekaarte tesame met die register van kiesers,

en sodanige pakkette verseël en hulle aan die registrateur van die Suidwes-Afrika-afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika laat aflewer.

(2) Genoemde registrateur is verantwoordelik vir die veilige bewaring van genoemde pakkette en behou hulle vir 'n tydperk van ses maande, en, tensy die hof anders beveel, handel hy daarna met hulle soos die Administrateur-generaal gelas.

(3) Behoudens die bepalings van subartikel (4), mag niemand genoemde pakkette oopmaak of die inhoud daarvan insien nie behalwe kragtens 'n bevel van genoemde hof, wat verleen kan word wanneer die hof op grond van beëdigde getuïenis oortuig is dat insae in of voorlegging van 'n stuk in so 'n pakket bevat, vereis word ten einde 'n vervolging met betrekking tot die verkiesing of met betrekking tot die registrasie van kiesers kragtens die Registra-

*Endorsement of rejected ballot papers*

54. The chief electoral officer shall endorse the word "rejected" or "verwerp" on any ballot paper finally rejected in terms of this Proclamation, and shall for that purpose open every envelope containing such a ballot paper, take out the ballot paper without unfolding it, and remove and destroy such envelope.

*Announcement of result of the poll*

55. When the result of the poll has been determined in terms of section 51, the chief electoral officer shall calculate the number of representatives which each registered party is in terms of section 5 entitled to nominate, and shall thereupon announce outside the principal outer door of the premises in which the counting of the votes took place—

- (a) the total number of votes counted;
- (b) the number of votes given to each registered party; and
- (c) the number of representatives (if any) which each registered party is entitled to nominate as aforesaid.

*Declaration of result of the election*

56. (1) The chief electoral officer shall in due course declare the result of the election by notice in the *Official Gazette*, setting out the particulars announced in terms of section 55 and, with due regard to the provisions of section 7 (1), the names and particulars of the representatives nominated by registered parties in terms of section 6.

(2) The declaration of the chief electoral officer under subsection (1) of this section shall not be set aside by any court of law except upon proof of fraud materially affecting the result of the poll as announced in terms of section 55.

*Sealing and safe-keeping of election material*

57. (1) The chief electoral officer shall as soon as possible after the declaration of the result of the election enclose in separate packets—

- (a) all counted ballot papers;
- (b) all rejected ballot papers;
- (c) all counterfoils of used or cancelled ballot papers, together with such cancelled ballot papers and all ballot paper accounts; and
- (d) all registration cards together with the register of voters,

and shall seal such packets and cause them to be delivered to the registrar of the South West Africa Division of the Supreme Court of South Africa.

(2) The said registrar shall be responsible for the safe custody of the said packets and shall retain them for a period of six months and thereafter, unless the court orders otherwise, deal with them as directed by the Administrator-General.

(3) Subject to the provisions of subsection (4), no person shall open, or inspect the contents of, the said packets except by order of the said court, which may be granted on the court being satisfied by evidence on oath that the inspection or production of any document contained in such packet is required for the purposes of instituting or maintaining a prosecution for an offence in relation to the election or in relation to the registration of voters

sieproklamasie in te stel of voort te sit, en so 'n bevel kan onderworpe gestel word aan die voorwaardes aangaande persone en tyd, plek en wyse van insae of voorlegging wat die hof goed ag.

(4) Die hoofverkiesingsbeampte, of die ander persoon wat die Aministrateur-generaal bepaal, is geregtig om 'n pakket wat registrasiekaarte of die register van kiesers bevat, oop te maak en in te sien ten einde vir die doeleindes van die een of ander bepaling van hierdie Proklamasie vas te stel dat die naam van 'n persoon op die register van kiesers verskyn: Met dien verstande dat bedoelde pakket na elke sodanige insae toegemaak en verseël moet word.

(5) 'n Bevoegdheid by hierdie artikel aan die hof verleen, kan deur enige regter van die hof in kamers uitgeoefen word.

## MISDRYWE EN STRAWWE

### *Skending van geheimhouding*

58. (1) Elke beampte, agent of gemagtigde persoon wat in 'n stemburo teenwoordig is, moet die geheimhouding van die stemming in daardie stemburo handhaaf en help om dit te handhaaf, en mag aan niemand, behalwe vir 'n by wet gemagtigde doel, enige inligting meedeel wat die geheimhouding van die stemming waarskynlik sal verrydel nie.

(2) Behoudens die bepalings van hierdie Proklamasie, mag niemand hom met 'n kieser, wanneer hy sy stem merk, bemoei of poog te bemoei nie, of op 'n ander wyse poog om by 'n stemburo inligting te verkry aangaande die geregistreerde party waarvoor 'n kieser by daardie stemburo gaan stem of gestem het nie, of te eniger tyd aan enigiemand inligting meedeel nie wat by 'n stemburo verkry is aangaande die geregistreerde party waarvoor 'n kieser by daardie stemburo gaan stem of gestem het, of aangaande die nommer agter op die stembrief wat aan 'n kieser by daardie stemburo gegee is.

(3) Niemand mag 'n kieser regstreeks of onregstreeks beweeg om sy stembrief, nadat hy dit gemerk het, op so 'n wyse te vertoon dat iemand die naam van die geregistreerde party waarvoor die kieser sy stem gemerk het, te wete kom nie.

(4) Niemand mag op 'n stembrief 'n merk of skrif aanbring waardeur iemand wat met daardie stembrief stem, geïdentifiseer kan word nie.

(5) Elkeen wat teenwoordig is by die bepaling van die uitslag van die stemming moet die geheimhouding van die stemming handhaaf en help om dit te handhaaf, en mag nie by sodanige bepaling poog om die wyse waarop 'n besondere persoon sy stembrief gemerk het, vas te stel nie, of inligting daarvoor wat by sodanige bepaling verkry is, oordra nie.

(6) Behoudens die bepalings van artikel 43, mag niemand poog om vas te stel, of regstreek of onregstreeks help om vas te stel, op watter geregistreerde party 'n kieser sy stem uitgebring het nie.

(7) Iemand wat by die verrigting van sy pligte ingevolge hierdie Proklamasie te wete gekom het op watter geregistreerde party iemand sy stem uitgebring het, mag daardie kennis nie openbaar nie behalwe in antwoord op 'n vraag wat wettig aan hom gestel is in die loop van verrigtinge in 'n hof.

(8) Niemand mag, behalwe op bevel van 'n hof of ingevolge magtiging by hierdie Proklamasie verleen, die seël van 'n in artikel 46 of 57 bedoelde verseëelde pakket breek of so 'n pakket oopmaak nie.

under the Registration Proclamation, and any such order may be made subject to such conditions as to persons and time, place and manner of inspection or production as the court may deem fit.

(4) The chief electoral officer, or such other person as the Administrator-General may determine, shall be entitled to open and inspect, in order to ascertain for the purpose of any provision of this Proclamation that the name of any person appears on the register of voters, any packet containing registration cards and the register of voters: Provided that such packet shall be closed and sealed after every such inspection.

(5) Any power conferred on the court by this section may be exercised by any judge of the court in chambers.

## OFFENCES AND PENALTIES

### *Infringement of secrecy*

58. (1) Every officer, agent or authorized person in attendance at a polling station shall maintain, and aid in maintaining, the secrecy of the voting at that polling station, and shall not communicate, except for some purpose authorized by law, to any person any information likely to defeat the secrecy of the voting.

(2) Except as provided in this Proclamation, no person shall interfere with or attempt to interfere with a voter when marking his vote, or otherwise attempt to obtain at a polling station information as to the registered party for which any voter at that polling station is about to vote or has voted, or communicate at any time to any person any information obtained at a polling station as to the registered party for which any voter at such polling station is about to vote or has voted, or as to the number on the back of the ballot paper given to any voter at such polling station.

(3) No person shall directly or indirectly induce any voter to display his ballot paper, after he has marked it, in such a manner as to make known to any person the name of the registered party for which the voter has marked his vote.

(4) No person shall place upon any ballot paper any mark or writing whereby a person who gives his vote on that ballot paper may be identified.

(5) Every person in attendance at the determination of the result of the poll shall maintain, and aid in maintaining, the secrecy of the voting, and shall not attempt to ascertain at such determination, or communicate any information obtained at such determination as to, the manner in which any particular person marked his ballot paper.

(6) Subject to the provisions of section 43, no person shall attempt to ascertain, or directly or indirectly assist in ascertaining, for which registered party any voter has given his vote.

(7) A person who, in the carrying out of his duties under this Proclamation, has obtained knowledge as to the registered party for which any person has voted, shall not disclose such knowledge except in answer to a question lawfully put to him in the course of proceedings in any court.

(8) No person shall, except upon the order of any court or as authorized by this Proclamation, break the seal of, or open, any sealed packet referred to in section 46 or 57.

(9) Iemand wat 'n bepaling van hierdie artikel oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyfhonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande.

#### *Pligsversuim*

59. 'n Kontroleur, verkiesingsbeampte, voorsittende beampte, stemopnemer of telbeampte wat, nadat hy 'n aanstelling as sodanig aanvaar het, opsetlik versuim om enige van die pligte te verrig wat hy ingevolge die bepalings van hierdie Proklamasie of die voorskrifte deur die hoofverkiesingsbeampte daarkragens uitgereik, moet verrig, is, sonder om afbreuk te doen aan enige ander bepaling van hierdie Proklamasie, aan 'n misdryf skuldig en strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand.

#### *Belemmering van verrigtinge en beamptes*

60. Iemand wat enige verrigtinge kragtens hierdie Proklamasie by 'n stemburo of by 'n vergadering van 'n in artikel 53 bedoelde verwysingsraad, opsetlik belemmer of versteur, of wat die hoofverkiesingsbeampte of 'n kontroleur, verkiesingsbeampte, voorsittende beampte, stemopnemer of telbeampte by die uitoefening van sy bevoegdhede of die verrigting van sy pligte of werksaamhede ingevolge hierdie Proklamasie, belemmer of hom met hom bemoei, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens eenduisend rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.

#### *Onbehoorlike beïnvloeding en omkoperij*

61. Iemand wat regstreeks of onregstreeks, self of deur 'n ander—

(a) op of teen enige persoon geweld of dwang gebruik of dreig om dit te gebruik, of enige persoon enige wêreldlike of geestelike leed, skade, kwaad of verlies aandoen of berokken of dreig om dit te doen, of iets tot nadeel van enige persoon doen of dreig om dit te doen, ten einde enige persoon te beweeg of te dwing om by die verkiesing te stem of nie te stem nie, of omdat enige persoon by die verkiesing gestem het of nie gestem het nie; of

(b) op 'n wyse soos voormeld of deur enige bedrieglike middel of plan 'n kieser beweeg, dwing of oorhaal om by die verkiesing of ten gunste van 'n bepaalde geregistreerde party te stem of nie aldus te stem nie, of die vrye uitoefening deur 'n kieser van die stemreg by die verkiesing belemmer of belet; of

(c) aan of vir 'n kieser of ander persoon enige geld of ander vergoeding gee, leen of verkry, of ooreenkom om dit aldus te gee, te leen of te verkry, of dit aldus aanbied of beloof, ten einde daardie kieser of 'n ander kieser te beweeg om by die verkiesing of ten gunste van 'n bepaalde geregistreerde party te stem of nie aldus te stem nie; of

(d) vir homself of vir 'n ander persoon enige geld of ander vergoeding ontvang of beding omdat hy by die verkiesing of ten gunste van 'n bepaalde geregistreerde party gestem het of ooreengekom het om aldus te stem, of nie aldus gestem het nie of ooreengekom het om nie aldus te stem nie.

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens drieduisend rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.

(9) Any person who contravenes, or fails to comply with, any provision of this section, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding five hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding six months.

#### *Neglect of duty*

59. Any controller, electoral officer, presiding officer, polling officer or counting officer who, after having accepted appointment as such, wilfully fails to perform any of the duties which he is required to perform in terms of the provisions of this Proclamation or the instructions issued under it by the chief electoral officer, shall, without prejudice to any other provision of this Proclamation, be guilty of an offence and liable to a fine not exceeding two hundred rand.

#### *Obstruction of proceedings and officers*

60. Any person who wilfully obstructs or disturbs any proceedings under this Proclamation at a polling station or at a meeting of a reference board referred to in section 53, or obstructs or interferes with the chief electoral officer or any controller, electoral officer, presiding officer, polling officer or counting officer in the exercise of his powers or the performance of his duties and functions under this Proclamation, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one thousand rand or to imprisonment for a period not exceeding twelve months or to both such fine and such imprisonment.

#### *Undue influence and bribery*

61. Any person who, directly or indirectly, by himself or by any other person—

(a) makes use or threatens to make use of any violence, force or restraint, or inflicts or threatens to inflict any temporal or spiritual injury, damage, harm or loss, upon or against, or does or threatens to do anything to the disadvantage of, any person in order to induce or compel any person to vote or to refrain from voting at the election, or on account of any person having voted or refrained from voting at the election; or

(b) by any such means as aforesaid or any fraudulent device or contrivance induces, compels or prevails upon any voter to vote or refrain from voting at the election or in favour of a particular registered party, or impedes or prevents the free exercise of the franchise by any voter at the election; or

(c) gives, lends or procures, or agrees to give, lend or procure, or offers or promises, any money or other reward to or for any voter or any other person, in order to induce such voter or any other voter to vote or to refrain from voting at the election or in favour of a particular registered party; or

(d) receives or contracts for any money or other reward for himself or for any other person, on account of voting or agreeing to vote, or refraining or agreeing to refrain from voting, at the election or in favour of a particular registered party;

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding three thousand rand or to imprisonment for a period not exceeding three years or to both such fine and such imprisonment.

*Misdrywe met betrekking tot stemprosedure en stemburo's en -uitrusting*

## 62. (1) Iemand wat—

(a) wetens 'n registrasiekaart wat aan of op die naam van 'n ander lewende of afgestorwe persoon of 'n denkbeeldige persoon uitgereik is of 'n registrasiekaart wat verander is met die opset om te bedrieg, of 'n stuk wat heet 'n registrasiekaart te wees maar dit nie is nie, aan 'n voorsittende beamppte of stemopnemer voorlê vir die uitreik aan hom van 'n stembrief; of

(b) terwyl hy voorheen by die verkiesing gestem het, weer stem, of 'n registrasiekaart, hetsy dit aan hom of aan of op die naam van 'n ander lewende of afgestorwe persoon of 'n denkbeeldige persoon uitgereik is, of 'n stuk wat heet 'n registrasiekaart te wees maar dit nie is nie, aan 'n voorsittende beamppte of stemopnemer voorlê vir die uitreik aan hom van 'n stembrief; of

(c) 'n stembrief of die amptelike merk op 'n stembrief vernies of namaak of op bedrieglike wyse vernietig; of

(d) sonder behoorlike magtiging 'n stembrief aan enigiemand verskaf; of

(e) op bedrieglike wyse 'n ander stuk papier as 'n stembriefkoevert wat 'n stembrief bevat wat ingevolge hierdie Proklamasie aan hom uitgereik is, in 'n stembus plaas of 'n ander stuk papier as 'n stembrief aldus aan hom uitgereik in 'n aangebode stembriefkoevert plaas; of

(f) op bedrieglike wyse 'n stembrief of stembriefkoevert uit 'n stemburo wegneem; of

(g) sonder behoorlike magtiging 'n stembus, stemkompartement, werktuig, vorm, stuk of ander uitrusting wat gebruik word of bestem is vir gebruik by 'n stemburo, vernietig, neem, oopmaak, gebruik of hom op 'n ander wyse daarmee bemoei; of

(h) 'n steurnis by 'n stemburo veroorsaak, of 'n wettige bevel wat deur die voorsittende beamppte by 'n stemburo gegee word, veronagsaam,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar—

(i) in die geval van 'n misdryf ingevolge paragraaf (a) of (b), met 'n boete van hoogstens drieduisend rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf; en

(ii) in enige ander geval met 'n boete van hoogstens eenduisend rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.

(2) Indien daar by 'n vervolging ingevolge paragraaf (a) of (b) van subartikel (1) bewys word dat die beskuldigde 'n registrasiekaart of stuk in die betrokke paragraaf bedoel, aan 'n voorsittende beamppte of stemopnemer by 'n stemburo voorgelê het terwyl daardie voorsittende beamppte of stemopnemer besig was om sy pligte en werksaamhede kragtens artikel 42 te verrig, of dat 'n registrasiekaart aldus voorgelê verander was, word vermoed, tensy die teendeel bewys word, dat die beskuldigde daardie registrasiekaart of stuk voorgelê het vir die uitreik aan hom van 'n stembrief, en, in die geval van 'n vervolging ingevolge genoemde paragraaf (a), dat hy die registrasiekaart aldus voorgelê het wetende dat dit aan of op die naam van 'n ander persoon of denkbeeldige persoon uitgereik was, of dat die registrasiekaart verander was met die opset om te bedrieg en dat hy dit aldus voorgelê het wetende dat dit aldus verander was, of dat hy bedoelde stuk aldus voorgelê het wetende dat dit nie 'n registrasiekaart was nie, na gelang van die geval.

*Offences relating to voting procedures and polling stations and equipment*

## 62. (1) Any person who—

(a) for the purposes of the issue to him of a ballot paper, knowingly produces to any presiding officer or polling officer a registration card issued to or in the name of some other person, living or dead, or a fictitious person, or a registration card which has been altered with intent to deceive, or any document purporting to be but not being a registration card; or

(b) having previously voted at the election, votes again or produces to any presiding officer or polling officer, for the purposes of the issue to him of a ballot paper, a registration card, whether issued to him or to or in the name of some other person, living or dead, or a fictitious person, or any document purporting to be but not being a registration card; or

(c) forges or counterfeits or fraudulently destroys any ballot paper or the official mark on any ballot paper; or

(d) without due authority supplies any ballot paper to any person; or

(e) fraudulently places into any ballot box any paper other than a ballot paper envelope containing a ballot paper issued to him in terms of this Proclamation or into any tendered ballot paper envelope any paper other than a ballot paper so issued to him; or

(f) fraudulently takes out of any polling station any ballot paper or ballot paper envelope; or

(g) without due authority destroys, takes, opens, uses or otherwise interferes with any ballot box, voting compartment, instrument, form, document or other equipment used or intended for use at any polling station; or

(h) causes a disturbance at any polling station, or disobeys any lawful order given by the presiding officer at any polling station,

shall be guilty of an offence and liable on conviction—

(i) in the case of an offence in terms of paragraph (a) or (b), to a fine not exceeding three thousand rand or to imprisonment for a period not exceeding three years or to both such fine and such imprisonment; and

(ii) in any other case, to a fine not exceeding one thousand rand or imprisonment for a period not exceeding twelve months or to both such fine and such imprisonment.

(2) If, in any prosecution in terms of paragraph (a) or (b) of subsection (1), it is proved that the accused produced a registration card or document referred to in the relevant paragraph to a presiding officer or polling officer at a polling station while such presiding officer or polling officer was performing his duties and functions under section 42, or that a registration card when so produced had been altered, it shall be presumed, unless the contrary is proved, that the accused produced such registration card or document for the purposes of the issue to him of a ballot paper, and, in the case of a prosecution under the said paragraph (a), that he so produced the registration card knowing it to have been issued to or in the name of some other person or a fictitious person, or that the registration card was altered with intent to deceive and that he so produced it knowing it to have been so altered, or that he so produced such document knowing it not to be a registration card, as the case may be.

(3) Indien daar by 'n vervolging kragtens paragraaf (b) van subartikel (1) van hierdie artikel bewys word dat 'n vinger van die beskuldigde by die ondersoek daarvan soos in paragraaf (b) van subartikel (3) van artikel 42 beoog, die identifikasiemerk soos in paragraaf (a) van genoemde subartikel (3) omskryf, getoon het en dat die bepalings van paragraaf (c) van genoemde subartikel (3) met betrekking tot die waarneming van sodanige identifikasiemerk nagekom is, word vermoed, tensy die teendeel bewys word, dat die beskuldigde voorheen by die verkiesing gestem het.

### ALGEMEEN

*In geregtelike verrigtinge word nie van kieser vereis om sy stem bekend te maak nie*

63. Van niemand wat by die verkiesing gestem het, word in enige geregtelike verrigtinge vereis dat hy verklaar vir watter geregistreerde party hy gestem het nie.

### *Bewys van verkiesing*

64. Op 'n aanklag van 'n misdryf ingevolge hierdie Proklamasie wat na bewering by of in verband met die verkiesing gepleeg is, is die sertifikaat van die hoofverkiezingsbeampte dat die verkiesing besig was om gehou te word of gehou is, voldoende bewys van die feit dat die verkiesing besig was om gehou te word of gehou is.

### *Skryftelike voorleggings deur politieke organisasies en geregistreerde partye*

65. Waar 'n politieke organisasie of 'n geregistreerde party ingevolge die een of ander bepaling van hierdie Proklamasie iets skryftelik moet voorlê, word vermoed, tensy die teendeel bewys word, dat die geskryf wat vir die doeleindes van sodanige bepaling voorgelê word, deur die betrokke politieke organisasie of geregistreerde party voorgelê word indien dit onder die handtekening van die sekretaris van daardie politieke organisasie of geregistreerde party voorgelê word of onder 'n handtekening wat heet dié te wees van 'n persoon wat namens daardie politieke organisasie of geregistreerde party handel.

### *Sondae en openbare feesdae*

66. Wanneer enigiets volgens voorskrif van hierdie Proklamasie op 'n bepaalde datum begin, voltooi of gedoen moet word en daardie datum op 'n Sondag val of op 'n dag wat by of kragtens 'n wet tot 'n openbare feesdag verklaar is, moet dit begin, voltooi of gedoen word op die eersvolgende dag na daardie Sondag of openbare feesdag of, as laasbedoelde dag ook 'n Sondag of openbare feesdag is, dan op die eersvolgende dag na daardie Sondag of openbare feesdag.

### *Voorskrifte en vorms*

67. Die hoofverkiezingsbeampte kan voorskrifte uitreik wat nie onbestaanbaar met die bepalings van hierdie Proklamasie is nie, vir die meer doeltreffende uitvoering van daardie bepalings, en kan die vorm voorskryf van 'n stuk wat vir dié doel gebruik moet word en wat nie by daardie bepalings voorgeskryf word nie.

### *Kort titel*

68. Hierdie Proklamasie heet die Grondwetgewende Vergadering- en Verkiezingsproklamasie, 1978.

(3) If, in any prosecution under paragraph (b) of subsection (1) of this section, it is proved that any finger of the accused, upon being examined as contemplated in paragraph (b) of subsection (3) of section 42, displayed the identification mark as defined in paragraph (a) of the said subsection (3), and that the provisions of paragraph (c) of the said subsection (3) relating to the observing of such identification mark were complied with, it shall be presumed, unless the contrary is proved, that the accused had previously voted at the election.

### GENERAL

#### *Voter not required in legal proceedings to disclose his vote*

63. No person who voted at the election shall be required in any legal proceedings to state for which registered party he voted.

#### *Evidence of election*

64. Upon any charge of an offence in terms of this Proclamation alleged to have been committed at or in connection with the election, the certificate of the chief electoral officer that the election was being or had been held, shall be conclusive evidence of the fact that the election was being or had been held.

#### *Submissions in writing by political organizations or registered parties*

65. Where a political organization or a registered party is by any provision of this Proclamation required to submit anything in writing, such writing submitted for the purposes of such provision shall be presumed, unless the contrary is proved, to be submitted by the political organization or registered party concerned if it is submitted under the signature of the secretary of such political organization or registered party or under a signature purporting to be that of a person acting on behalf of such political organization or registered party.

#### *Sundays and public holidays*

66. When under this Proclamation anything is required to be commenced, concluded or done on a particular date, and that date falls on a Sunday or a day declared by or under any law to be a public holiday, such thing shall be commenced, concluded or done on the date next succeeding such Sunday or public holiday or, if the last-mentioned date is also a Sunday or a public holiday, then on the date next succeeding such Sunday or public holiday.

#### *Instructions and forms*

67. The chief electoral officer may issue instructions, not inconsistent with the provisions of this Proclamation, for the better carrying out of those provisions, and may prescribe the form of any document to be used for that purpose which is not prescribed by those provisions.

#### *Short title*

68. This Proclamation shall be called the Constituent Assembly and Election Proclamation, 1978.

AANHANGSEL/ANNEXURE

*Vorm van voorkant van stembrief/Form of front of ballot paper*

Teenblad  
Counterfoil  
No.


**Stem slegs vir een party**

Stem deur 'n X te maak in die vierkant teenoor die kenteken van die party vir wie u wil stem.


**Vote for one party only**

Record your vote by a X in the square opposite the symbol of the party for which you wish to vote.

*Vorm van agterkant van stembrief/Form of back of ballot paper*

No.



**Verkiesing vir 'n Grondwetgewende Vergadering vir Suidwes-Afrika**  
**Election for a Constituent Assembly for South West Africa**